

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

S T U D Y

You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexamapers.co.za



SA EXAM
PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African





Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundu
Provincie van die Oos-Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2025

WISKUNDE V2

PUNTE: 150

TYD: 3 uur



* J M A T H A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, insluitend 1 inligtingsblad,
en 'n antwoordeboek van 23 bladsye.

SA EXAM PAPERS



Proudly South African

INSTRUKSIES EN INLIGTING


Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die SPESIALE ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.
3. Toon ALLE berekeninge, diagramme, grafieke, ens., wat jy gebruik het om jou antwoorde te bepaal, duidelik aan.
4. Volpunte sal NIE noodwendig aan slegs antwoorde toegeken word NIE.
5. Jy mag 'n goedgekeurde wetenskaplike sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik, tensy anders vermeld.
6. Indien nodig, rond antwoorde tot TWEE desimale plekke af, tensy anders vermeld.
7. Diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
8. 'n Inligtingblad met formules is aan die einde van die vraestel ingesluit.
9. Skryf netjies en leesbaar.



VRAAG 1

'n Navorser het die aantal liter brandstof wat deur motoriste op 'n sekere Saterdag gekoop is, waargeneem. Die data wat op daardie Saterdag gekollekteer/ingesamel was, is op die histogram hieronder voorgestel.




- 1.1 Skryf die totale aantal motoriste, wat op hierdie dag brandstof gekoop het, neer. (1)
- 1.2 Skryf die modale klas neer. (1)
- 1.3 Voltooи die kumulatiewe frekwensie tabel wat in die SPESIALE ANTWOORDEBOEK voorsien is. (3)
- 1.4 Teken 'n ogief op die rooster wat in die SPESIALE ANTWOORDEBOEK voorsien is. (3)
- 1.5 Beraam die onderste-kwartiel. (1)
- 1.6 Beraam die gemiddelde. (3)
- 1.7 Bepaal die 75^{ste} persentiel. (2)
- 1.8 Bepaal die interkwartielvariasiewydte vir die data. (2)
- 1.9 Bepaal die aantal motoriste by die 75^{ste} persentiel of meer, en bereken die totaal aan beloning, deur die vulstasie spandeer as elk van die motoriste wat by die 75^{ste} persentiel of meer is, elk 60 liter gekoop het met 'n beloning van R0,40 per liter. (2)

[18]



VRAAG 2


In die diagram hieronder, lê S $(-4 ; 8)$, T $(-6 ; 4)$, M en U op dieselfde reguitlyn. R $(-12 ; 6)$, T $(-6 ; 4)$ en V lê ook op 'n ander reguitlyn. RV en SU sny mekaar by T. M is die x -afsnit van lyn SMU by $x = -8$. SM = MU.



- 2.1 Bereken die gradiënt van RV. (2)
 - 2.2 Bereken die lengte van RT. (2)
 - 2.3 Bepaal die waarde van a . (3)
 - 2.4 As SM = MU, bepaal die koördinate van U. (2)
 - 2.5 Bepaal die vergelyking van lyn SU. (3)
 - 2.6 Bepaal die grootte van \hat{UTV} . (4)
 - 2.7 As $TV = 4RT$, bepaal die oppervlakte van ΔTUV . (4)
- [20]**

VRAAG 3

In die diagram, is T die middelpunt van die sirkel. $x^2 + y^2 - 12x - 2y - 8 = 0$ is die vergelyking van die sirkel. BC is die middellyn van die sirkel. AB is die raaklyn van die sirkel by punt B. S is 'n punt op AB. Die vergelyking van lyn ST is $x + 8y = 7$. Die inklinasie van lyn AC is $172,875^\circ$.



- 3.1 Bepaal die koördinate van T. (3)
 - 3.2 Bepaal die koördinate van B, 'n y -afsnit van die sirkel. (3)
 - 3.3 Toon dat $ST \parallel AC$. (**Rond jou antwoord tot 3 desimale plekke af**) (3)
 - 3.4 Dit word verder gegee dat $ST^2 = 65$ en die koördinate van A is $(-4; k)$, bepaal die:
 - 3.4.1 Lengte van AC (2)
 - 3.4.2 Koördinate van C (2)
 - 3.4.3 Waarde van k , as $k > 4$ (3)
 - 3.4.4 Vergelyking van die sirkel wat deur punte A, B en C gaan, in die vorm $(x-a)^2 + (y-b)^2 = r^2$ (4)
- [20]

VRAAG 4

4.1 As $\sin 14^\circ = t$, bepaal die waardes van die volgende in terme van t :

4.1.1 $\cos 14^\circ$ (2)

4.1.2 $\sin 38^\circ$ (3)

4.1.3 $\sin 59^\circ$ (4)

4.2 Vereenvoudig tot 'n enkele trigonometriese verhouding van A .

$$\sin A \cdot \tan\left(\frac{1}{2}A - 360^\circ\right) + 1 \quad (6)$$

4.3 Gegee: $f(x) = \frac{2 \cos x \cos(90^\circ - x)}{\cos^2 x + \sin(180^\circ + x) \cdot \cos(-x) \cdot \tan x}$

4.3.1 Bewys dat $f(x) = \tan 2x$ (6)

4.3.2 Skryf die waardes van x in die interval $x \in [-90^\circ; 90^\circ]$, waar f ongedefinieerd is, neer. (2)


4.4 Gegee: $\cos(\theta + 30^\circ) = \frac{1}{2} \sin \theta$

4.4.1 Bepaal die algemene oplossing van die vergelyking hierbo. (4)

4.4.2 Bepaal, vervolgens of andersins, die waardes van θ as $\theta \in [-270^\circ; 180^\circ]$ (2)
[29]

VRAAG 5


Die grafiek van $f(x) = \cos x$ is geteken op die diagram hieronder, waar $x \in [-90^\circ; 180^\circ]$.



- 5.1 Skryf die periode van $f\left(\frac{x}{2}\right)$ neer. (1)
- 5.2 Skryf die waardeversameling/terrein van $f\left(\frac{x}{2}\right) - 1$ neer. (2)
- 5.3 Teken die grafiek van $g(x) = \frac{1}{2} \sin 2x$ op dieselfde assestelsel. (3)
- 5.4 Skryf die minimum waarde van $g(x - 25^\circ)$ neer. (1)
- 5.5 Gebruik die grafiek om die waardes van x te bepaal, wanneer:
- $$\sin x \cos x - \cos x = 0$$
- (3)
[10]

VRAAG 6


In die diagram hieronder, is KN 'n vertikale toering. L, N en M is punte in dieselfde horisontale vlak. Die hoogtehoek na die bopunt van die toering, K vanaf L is θ . $\hat{LNM} = 30^\circ$, $\hat{LMN} = 150^\circ - \theta$ en $MN = 24\text{ m}$.



- 6.1 Skryf die grootte van \hat{MLN} neer. (1)
- 6.2 Bepaal LN in terme van $\sin \theta$ and $\cos \theta$. (4)
- 6.3 Toon, vervolgens of andersins, aan dat die hoogte van die vertikale toering geskryf kan word as $KN = 12 + 12\sqrt{3} \tan \theta$. (3)
- 6.4 Bereken die grootte van θ , die hoogtehoek van K vanaf L, as $KN = 46\text{ m}$. (3)
[11]


VRAAG 7

- 7.1 In die diagram, is O die middelpunt van die sirkel wat deur A, B en C gaan. BD is 'n raaklyn aan die sirkel by B.



Bewys die stelling wat meld dat die hoek tussen die raaklyn BD en koord BC gelyk is aan die hoek in die oorstaande sirkel segment, dit wil sê bewys dat $\hat{C}BD = \hat{A}$. (5)

- 7.2 In die diagram hieronder, is O die middelpunt van die sirkel. P, S en Q is punte op die omtrek van die sirkel. $\hat{SRQ} = 54^\circ$. SR en QR is raaklyne van die sirkel by S en Q onderskeidelik.




Bepaal die grootte van:

- 7.2.1 \hat{Q}_3 (4)
- 7.2.2 \hat{P} (2)
- 7.2.3 \hat{O}_1 (2)
[13]

VRAAG 8


In die diagram is O die middelpunt van die sirkel. BCDE is 'n koordevierhoek. G is die middelpunt van koord EC. AB is 'n raaklyn aan die sirkel by B. $GD : OG = 3 : 2$, $ED = 12$ eenhede.



- 8.1 Bewys dat $AB \parallel EC$. (4)
 - 8.2 Bewys dat $BE = BC$. (4)
 - 8.3 As dit verder gegee word dat $FO \parallel EC$, bepaal die verhouding van $EF : FA$. (3)
 - 8.4 Bepaal die lengte van BC as die lengte van die middellyn $BD = 20$ eenhede is. (3)
- [14]**

VRAAG 9

In die diagram hieronder, is O die middelpunt van die sirkel. D, E en C is punte op die omtrek van die sirkel. BC is 'n raaklyn by punt C en DB is ook 'n raaklyn by punt D. Koord CD is verleng na punt A en CE is ook verleng na punt F. DF is geteken. $\hat{B}_2 = x$ en $DE \parallel AB$. DE halveer \widehat{CDB}



Bewys dat:

9.1 $CDFB$ 'n koordevierhoek is (4)

9.2 $\Delta ADF \parallel\!\!\!|| \Delta CBF$ (4)

9.3 $AD = \frac{DF \cdot CB}{BF}$ (4)

9.4 $\frac{AC \cdot FE}{CF} = \frac{DF \cdot CB}{BF}$ (3)
[15]

TOTAAL: 150

INLIGTINGSBLAD

$$x = \frac{-b \pm \sqrt{b^2 - 4ac}}{2a}$$

$$A = P(1+ni)$$

$$F = \frac{x \left[(1+i)^n - 1 \right]}{i}$$

$$A = P(1-ni)$$

$$P = \frac{x \left[1 - (1+i)^{-n} \right]}{i}$$

$$A = P(1-i)^n$$

$$A = P(1+i)^n$$

$$T_n = a + (n-1)d$$

$$S_n = \frac{n}{2}(2a + (n-1)d)$$

$$T_n = ar^{n-1}$$

$$S_n = \frac{a(r^n - 1)}{r-1}; \quad r \neq 1$$

$$S_\infty = \frac{a}{1-r}; \quad -1 < r < 1$$

$$f'(x) = \lim_{h \rightarrow 0} \frac{f(x+h) - f(x)}{h}$$

$$d = \sqrt{(x_2 - x_1)^2 + (y_2 - y_1)^2}$$

$$M\left(\frac{x_1 + x_2}{2}; \frac{y_1 + y_2}{2}\right)$$

$$y = mx + c \quad y - y_1 = m(x - x_1)$$

$$m = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$$

$$m = \tan \theta$$

$$(x-a)^2 + (y-b)^2 = r^2$$

$$\text{In } \Delta ABC: \frac{a}{\sin A} = \frac{b}{\sin B} = \frac{c}{\sin C} \quad a^2 = b^2 + c^2 - 2bc \cos A \quad \text{area } \Delta ABC = \frac{1}{2} ab \sin C$$

$$\sin(\alpha + \beta) = \sin \alpha \cdot \cos \beta + \cos \alpha \cdot \sin \beta$$

$$\sin(\alpha - \beta) = \sin \alpha \cdot \cos \beta - \cos \alpha \cdot \sin \beta$$

$$\cos(\alpha + \beta) = \cos \alpha \cdot \cos \beta - \sin \alpha \cdot \sin \beta$$

$$\cos(\alpha - \beta) = \cos \alpha \cdot \cos \beta + \sin \alpha \cdot \sin \beta$$

$$\cos 2\alpha = \begin{cases} \cos^2 \alpha - \sin^2 \alpha \\ 1 - 2 \sin^2 \alpha \\ 2 \cos^2 \alpha - 1 \end{cases} \quad \sin 2\alpha = 2 \sin \alpha \cdot \cos \alpha$$

$$\bar{x} = \frac{\sum x}{n} \quad \sigma^2 = \frac{\sum_{i=1}^n (x_i - \bar{x})^2}{n} \quad P(A) = \frac{n(A)}{n(S)} \quad P(A \text{ or } B) = P(A) + P(B) - P(A \text{ en } B)$$

$$\hat{y} = a + bx$$

$$b = \frac{\sum (x - \bar{x})(y - \bar{y})}{\sum (x - \bar{x})^2}$$



SA EXAM PAPERS